basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

EKONOMIE V1

NASIENRIGLYNE

MEI/JUNIE 2026

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 23 bladsye.

Kopiereg voorbehou

NASIENBEGINSELS VIR EKONOMIE – SS/NSS MEI/JUNIE 2026

Die volgende nasienbeginsels is ontwikkel om nasien in die provinsie te standaardiseer.

NASIEN

- ALLE vrae en antwoorde in kandidate se skrifte MOET nagesien word, ongeag of dit korrek of verkeerd is.
- Waar antwoorde meer is as wat die instruksies vereis, moet die volgende geld:
  - In afdeling A, waar kandidate TWEE antwoorde gee, moet die eerste antwoord nagesien word.
  - In afdeling B, (2.1.1, 3.1.1 en 4.1.1) merk die eerste TWEE antwoorde en dui aan ***EKSTRA*** vir antwoorde wat meer is as wat die vraag vereis het.
  - In afdeling B, datarespons-vrae wat 'n spesifieke aantal antwoorde vereis (bv. 2.2.1 en 2.2.2), merk die eerste antwoord en dui aan ***EKSTRA*** vir antwoorde wat oortollig is.
  - In afdeling B en C (keusevrae), dui aan ***EKSTRA*** op vrae bo die vereiste aantal.
- Waar die maksimum punte vir 'n spesifieke vraag toegeken is, merk al die antwoorde en dui die maksimum punte vir die vraag binne die kantlyn aan.
  Byvoorbeeld; - **maks 2 of maks 8 of maks 10.**
- 'n Duidelike, netjiese regmerkie moet gebruik word:
  - Indien EEN punt toegeken word, moet EEN regmerkie gebruik word:✓
  - Indien TWEE punte toegeken word, moet TWEE regmerkies gebruik word:✓✓
  - Die regmerkie moet geplaas word by die FEIT waarvoor 'n punt toegeken word.
  - Regmerkies moet KLEIN gehou word, aangesien verskeie vlakke van moderering kan plaasvind.
- Verkeerde antwoorde moet met 'n duidelike, netjiese kruisie gemerk word:✗
  - Gebruik een kruisie op elke verkeerde antwoord in vrae waar kandidate meer as een antwoord moet gee.
  - 'n Zigzaglyn kan aan die regterkant van paragrawe getrek word met verkeerde antwoorde om aan te dui dat die antwoorde gelees is.
  - Probeer om NIE die kandidate se antwoorde te onderstreep nie.
- Vir die volgende aksiewoorde is EEN-woord antwoorde aanvaarbaar: **lys**, **noem**, **identifiseer.**
- Vir die volgende aksiewoorde moet 'n VOLLEDIGE sin geskryf word: **beskryf**, **verduidelik**, **evalueer**, **ontleed**, **stel voor**, **onderskei**, **definieer**, **bespreek, waarom**, **hoe**
- Die volgende aksiewoorde moet binne hul konteks gelees word om te bepaal of 'n EEN-woord antwoord of 'n VOLLEDIGE sin vereis word: **verskaf**, **wat**, **tabuleer**, **identifiseer** en **gee**.
- Waar kandidate 'n grafiek moet teken, merk die grafiek volgens 'n merkrubriek wat in die amptelike nasienriglyne verskaf word.
- Waar kandidate berekeninge moet doen, sal die finale antwoord nie noodwendig volpunte kry nie. **3 punte** word vir die **berekeninge** en **1 punt** vir die **finale antwoord** toegeken.

LET OP DIE VOLGENDE

- Indien die nommering verkeerd of weggelaat word, kan kandidate gekrediteer word solank die volgorde van antwoorde op vrae gevolg word.
- Waar daar spelfoute is, ken die punte toe mits die betekenis korrek is.
- Gee aandag aan die betekenis van antwoorde, wat op 'n ander manier gestel kan word.
- In meervoudigekeuse-vrae waar 'n letter die aanvaarbare antwoord is, maar die leerder die werklike antwoord skryf - ken punte toe.
- Daar sal 'n bylaag tot die nasienriglyne wees vir die nasien van sekere vrae.

TOTAALBEREKENING EN OORDRAG VAN PUNTE

- Die subtotaal vir elke subvraag moet aan die regterkantse kantlyn aangeteken word.
  - Vraag 1 in Afdeling A het **DRIE** onderafdelings en **DRIE** subtotale moet in die regterkantlyn aangeteken word.
  - Vrae in Afdeling B het **VYF** onderafdelings en **VYF** subtotale moet in die regterkantlyn aangeteken word.
  - Subtotale moet leesbaar geskryf word en spasie vir gemodereerde punte op die regterkantlyn laat.
- Die totale punt vir elke vraag moet in die boonste linkerkantlyn langs die vraagnommer aangeteken word.
- Dra totale per vraag oor na die voorblad van die antwoordboek

AFDELING (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

1.1.1 C – mark ✓✓
1.1.2 A – depressie✓✓
1.1.3 D – aanspreeklikheid ✓✓
1.1.4 D – appresiasie ✓✓
1.1.5 A – hereregte✓✓
1.1.6 B – globalisering✓✓
1.1.7 C – vervaardigings✓✓
1.1.8 B – lewensverwagting✓✓ (8 x 2) (16)

1.2 PASITEMS

1.2.1 G - geld ontvang deur huishoudings sonder dat enige produktiewe diens gelewer word✓

1.2.2 E - veroorsaak deur besighede wat hulle voorraadvlakke oor 'n periode van 3-5 jaar aanpas✓

1.2.3 A - 'n toename in die hoeveelheid van goedere en dienste wat in 'n land geproduseer word✓

1.2.4 H - fasiliteer die koop en verkoop van die verskillende geldeenhede van die wêreld✓

1.2.5 I - 'n totale verbod op die invoer van spesifieke goedere vanaf 'n bepaalde land ✓

1.2.6 C - koop en verkoop van staatseffekte om die geldaanbod te beïnvloed✓

1.2.7 B - behels 'n kontantaansporing om die ontwikkeling van Suid-Afrikaanse arbeidsmag te bevorder om nuwe kundigheid te bekom✓

1.2.8 D - statistiese gegewens wat gebruik word om die prestasie van 'n land met betrekking tot die sosiale welstand van sy burgers te evalueer✓ (8 x 1) (8)

1.3 GEE DIE TERM

1.3.1 Outonome verbruik/ Outonome besteding✓
1.3.2 Privatisering✓
1.3.3 Ruilvoet✓
1.3.4 Grond herverdeling✓
1.3.5 Infrastruktuur✓
1.3.6 Ekonomiese bedrywige (aktiewe) bevolking✓ (6 x 1) (6)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 **KORTVRAE**

2.1.1 **Noem enige TWEE vlakke (sfere) van die owerheid.**

- Nasionale/sentrale✓
- Provinsiale/streeks✓
- Plaaslike/ munisipaliteite✓ (2 x 1) (2)

2.1.2 **Waarom word die batekomponent afgetrek wanneer netto direkte investering in die finansiële rekening van die Betalingsbalans bereken word?**

Bates skep 'n kapitaaluitvloei wanneer Suid-Afrikaners geld uit die land neem en dit in ander lande belê.✓✓
(Aanvaar enige ander korrek relevante antwoord) (1 x 2) (2)

2.2 **DATARESPONS**

2.2.1 **Identifiseer 'n ekonomiese deelnemer wat die produksiefaktore besit in die uittreksel hierbo.**

Huishoudings✓ (1)

2.2.2 **Gee die formule om die waarde van die waarde van die vermenigvuldiger in 'n tweesektor-ekonomie te bereken.**

1/1-mvg✓ OF 1/msg✓ OF ΔY/ΔJ✓ (1)

2.2.3 **Beskryf kortliks die term *vermenigvuldigereffek*.**

'n Klein aanvanklike styging in besteding produseer 'n proporsionele groter styging in die nasionale inkomste.✓✓
(Aanvaar enige ander korrek relevante antwoord) (2)

2.2.4 **Verduidelik die verhouding tussen marginale verbruiks-geneigdheid (mvg) en die waarde van die vermenigvuldiger.**

Hoe kleiner die marginale verbruiksgeneigdheid (mvg) is, hoe kleiner die waarde van die vermenigvuldiger/Hoe groter die marginale verbruiksgeneigdheid (mvg) is, hoe groter die waarde van vermenigvuldiger.✓✓
(Aanvaar enige ander korrek relevante antwoord) (2)

2.2.5 **Hoe kan 'n toename in invoere die Suid-Afrikaanse ekonomie beïnvloed?**

- 'n Toename in invoere verteenwoordig 'n lekkasie soos meer fondse die ekonomie uitvloei.✓✓
- Plaaslike firmas mag inkomste verloor soos verbruikersbesteding na ingevoerde goedere verskuif, wat inkomste in die sakesektor verminder.✓✓
- Laer produksie deur plaaslike firmas kan tot verminderde lone en werksverliese lei, wat huishoudelike inkomste laat afneem.✓✓
- Dalende winste van besighede en huishoudings se inkomste kan tot laer belasting vir die owerheid lei. ✓✓
- Wanneer invoere uitvoere oorskry, kan dit tot 'n handelstekort lei, wat die algehele vloei van inkomste binne die ekonomie verminder.✓✓
- 'n Toename in invoere het tot depresiasie van geldeenhede gelei aangesien hoë vraag na buitelandse valuta die rand verswak. ✓✓
- Dit kan nywerheidsgroei dryf en pryse vir verbruikers verlaag, maar as dit ongelyk bly, kan dit tot werkverliese in plaaslike vervaardiging lei. ✓✓
- Verhoogde invoere kan tot die sluiting van sommige plaaslike nywerhede lei aangesien hul produkte nie aan die behoeftes en voorkeure van verbruikers voldoen nie. ✓✓
- Verbruikers sal by 'n wyer reeks goedere en dienste baat vind wat dikwels teen laer pryse kan wees as gevolg van verhoogde mededinging.✓✓
- Invoere van kapitaalgoedere kan die produktiewe kapasiteit van die sakesektor laat vermeerder wat ekonomiese groei laat toeneem.✓✓
- Toename in invoere kan plaaslike maatskappye aanmoedig om meer doeltreffend deur internasionale mededinging te word. ✓✓
- Plaaslike besighede mag meer toegang hê tot ingevoerde produksie-insette teen 'n laer koste, wat tot laer vervaardigingskoste lei. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrek relevante antwoord) (2 x 2) (4)

2.3 **DATARESPONS**

2.3.1 **Identifiseer die belastingkoers waarteen die owerheid die maksimum belastinginkomste invorder in die grafiek hierbo**.

50% / 50✓ (1)

2.3.2 **Noem die vernaamste bron van die owerheid se belastinginkomste.**

Persoonlike inkomstebelasting ✓ (1)

2.3.3 **Beskryf kortliks die term *fiskale beleid*.**

Die verandering in belasting en owerheidsbesteding om die vlak van ekonomiese aktiwiteite te beïnvloed.✓✓
(Aanvaar enige ander korrek relevante antwoord) (2)

2.3.4 **Hoe kan owerheidsbesteding gebruik word om die produksie van goedere en dienste aan te moedig?**

- Die owerheid kan subsidies as 'n finansiële ondersteuning of bystand betaal om produksie van sekere goedere en dienste te bevorder.✓✓
- Kritieke infrastruktuurtoelae kan as 'n aansporing gebruik word om beleggings in die verbetering van infrastruktuur aan te moedig. ✓✓
- Besteding aan navorsing en ontwikkeling kan besighede help om nuwe produksiemetodes en tegnologie te gebruik wat produktiwiteit verbeter. ✓✓
- Die befondsing van onderwys en opleiding help die staat om hoogs geskoolde arbeidsmag te bou wat produktiwiteit sal verbeter en besighede in staat sal stel om meer goedere en dienste te produseer. ✓✓
- Verbeter die voorsiening van openbare goedere en infrastruktuurdienste, soos openbare paaie, om ekonomiese aktiwiteit te bevorder✓✓
  (Aanvaar enige ander korrek relevante antwoord) (2)

2.3.5 **Waarom sal hoë belastingkoerse minder belastinginkomste vir die owerheid genereer?**

- Wanneer die belastingkoers baie hoog is, sal individuele belastingbetalers ontmoedig wees om te werk en daardeur die belastingbasis en belastinginkomste vir die owerheid verminder.✓✓
- Hoë maatskappy belastingkoerse kan die ontstaan van nuwe besighede ontmoedig en die uitbreiding van bestaande besighede, wat die owerheid se belastingbasis en belastinginkomste verminder.✓✓
- Hoë belastingkoerse sal belastingvermyding en belastingontduiking aanmoedig wat belastinginkomste verminder.✓✓
- Hoë belastingkoerse kan lei tot breindrein en emigrasie van hoë-inkomste verdieners en hoë netto waarde individue, wat lei tot minder belastinginkomste vir die owerheid. ✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

2.4 **Bespreek kortliks *natuurlike hulpbronne* en *klimaatstoestande* as aanbodredes vir internasionale handel.**

Natuurlike hulpbronne

- Natuurlike hulpbronne is nie eweredig oor alle lande van die wêreld versprei nie.✓✓
- Natuurlike hulpbronne verskil van land tot land en kan slegs uitgebuit word op plekke waar hierdie hulpbronne bestaan. ✓✓
- Suid-Afrika het groot goudafsettings, terwyl Nigerië ru-olie het wat hulle na ander lande uitvoer. ✓✓
- Die beskikbaarheid van natuurlike hulpbronne skep 'n fondasie vir spesialisasie en 'n geleentheid om waardevolle uitvoerinkomste te verdien. ✓✓ (2 x 2)

Klimaatstoestande

- Elke land het 'n unieke klimaatstoestand wat dit toelaat om spesifieke gewasse te verbou.✓✓
- Die unieke klimaat bevorder spesialisasie van produksie en bemagtig lande om teen laer koste per eenheid te produseer.✓✓
- Klimaatstoestande maak dit vir sommige lande moontlik om sekere goedere teen laer pryse as ander lande te produseer.✓✓
- Brasilië is die grootste vervaardiger van koffie en kan die produk teen laer pryse na ander lande uitvoer. ✓✓ (2 x 2) (8)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
(Ken 'n maksimum van 4 punte vir blote lys van feite toe)

2.5 **Ontleed die belangrikheid van die finansiële sektor in 'n ekonomiesekringloop-model.**

- Die finansiële sektor dien as 'n intermediêr tussen spaarders en leners, wat help om die fondse vanaf huishoudings na firmas te kanaliseer. ✓✓
- Finansiële instellings aanvaar deposito van huishoudings as spaargeld, wat 'n lekkasie van die ekonomiese kringloop verteenwoordig.✓✓
- Die finansiële sektor maak leenbare fondse beskikbaar vir huishoudings en besighede om vir investering te leen, wat inspuitings in die ekonomiese kringloop is.✓✓
- Die finansiële sektor voorsien lenings en krediet wat besigheidsuitbreiding ondersteun, werkverskaffing en inkomste vir die ekonomie genereer. ✓✓
- Die finansiële sektor verskaf krediet aan huishoudings wat hulle in staat stel om meer goedere en dienste aan te vra, en dus verbruik te verhoog.✓✓
- In 'n oop ekonomie, word buitelandse investering en kapitaalvloei deur die finansiële sektor gefasiliteer, wat fondse toelaat om tussen lande te beweeg. ✓✓
- Die finansiële sektor fasiliteer buitelandse valuta-transaksie wat die invoer en uitvoer van goedere en dienste in staat stel.✓✓
- Die finansiële sektor ondersteun betalingsbalans stabiliteit deur rentekoerse en kapitaalinvloei en -uitvloei te beïnvloed. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (4 x 2) (8)
(Ken 'n maksimum van 2 punte vir blote lys van feite toe)

[40]

VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES **40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 **KORTVRAE**

3.1.1 **Noem enige TWEE Ruimtelike Ontwikkelingsinisiatiewe (ROI'e) in Suid-Afrika.**

- KwaZulu-Natal ROI ✓
- Platinum ROI ✓
- Wildekus ROI ✓
- Visrivier ROI ✓
- Weskus Investeringsinisiatief✓
- Kus-tot-kus korridor ✓
- Phalaborwa ROI ✓
- Maputo-ontwikkelingskorridor ✓
- Lubombo ROI ✓
- Richardsbaai ROI ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 1) (2)

3.1.2 **Waarom is dit belangrik om ekonomiese aanwysers in die ekonomie saam te stel?**

- Ekonomiese aanwysers word gebruik om die algehele ekonomiese prestasie te meet en die owerheid te help om geskikte beleide te formuleer om prestasie te verbeter. ✓✓
- Om die toestand van die ekonomie vas te stel en te evalueer hoe die ekonomie van tyd tot tyd presteer om beleidmakers te help om ingeligte ekonomiese besluite te neem. ✓✓
- Om die land se ekonomiese prestasie met ander lande te vergelyk om ontwikkelingsvordering te evalueer. ✓✓
- Om ekonomiese prestasie tussen verskillende sektore of streke binne 'n land te vergelyk. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

3.2 **DATARESPONS**

3.2.1 **Identifiseer die maatstafkriterium wat deursigtigheid in streeksontwikkeling bevorder in die spotprent hierbo.**

Goeie staatsbeheer✓ (1)

3.2.2 **Gee die term wat na die konsentrasie van ekonomiese aktiwiteite in 'n paar stedelike gebiede verwys.**

Industriële sentralisasie / Nywerheidsentralisering✓ (1)

3.2.3 **Beskryf kortliks die term *streeksontwikkeling*.**

Die proses om die ekonomiese lewensvatbaarheid van spesifieke gebiede of streke in 'n land te verbeter om ongelykhede te verminder. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.2.4 **Verduidelik die voordeel van investering in menslike kapitaal.**

- Belegging in menslike kapitaal verseker die owerheid van meer geskoolde arbeidsmag, wat volhoubare langtermyn-ekonomiese groei sal stimuleer.✓✓
- Die lewenstandaard van die burgers kan verbeter aangesien vaardigheidsontwikkeling mense sal help om werk te kry of werk te skep.✓✓
- Om die produktiwiteit van 'n besigheid te verbeter, wat kan lei tot laer produksie-eenheidskoste wat tot skaalvoordele lei. ✓✓
- Om in menslike kapitaal te belê deur opleiding en opleiding lewer hoë opbrengs en verhoog die produktiwiteit van die arbeidsmag.✓✓
- 'n Bekwame arbeidsmag dryf innovasie aan en verbeter algehele ekonomiese groei. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.2.5 **Waarom is nywerheidsontwikkeling in die ekonomie belangrik?**

- Die ontstaan van nuwe bedrywe sal nuwe werksgeleenthede skep wat help om die werkloosheidsvlak te verminder. ✓✓
- Buitelandse direkte investering (BDI) sal deur aansporings gelok word wat deur die owerheid aangebied word en uitvoergeoriënteerde bedrywe sal in afgebakende gebiede gestig word. ✓✓
- Die produktiewe kapasiteit van die ekonomie sal toeneem wat tot hoë koerse van ekonomiese groei lei. ✓✓
- Suid-Afrikaanse verbruikers sal voordeel trek uit 'n wyer verskeidenheid van goedere en dienste wat deur nuwe bedrywe geproduseer word.✓✓
- Nywerheidsontwikkeling maak Suid-Afrika minder afhanklik van produkte van ander lande deur diversifikasie. ✓✓
- Industrialisasie bevorder bevoordeling deur waarde aan die grondstowwe toe te voeg voordat dit uitgevoer word, wat help om die handelsbalans te verbeter. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

3.3 **DATARESPONS**

3.3.1 **Identifiseer 'n ekonomiese aanwyser wat prysveranderinge oor 'n tydperk meet in die grafiek hierbo.**

Inflasiekoers✓ (1)

3.3.2 **Noem die geldvoorraadaanwyser wat slegs uit banknote, munte en korttermyn-deposito's bestaan.**

M2✓ (1)

3.3.3 **Beskryf kortliks die term *repokoers.***

Die koers waarteen die Suid-Afrikaanse Reserwebank geld aan handelsbanke leen.✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.3.4 **Verduidelik die impak van 'n afname in arbeidsproduktiwiteit op besighede.**

- Besighede mag hoër gemiddelde koste van produksie aangaan soos werkers minder uitsette gegewe dieselfde hulpbronne produseer. ✓✓
- Hoër produksiekoste veroorsaak direk 'n afname in die algehele winsgewendheid van die besigheid.✓✓
- Besighede met laer arbeidsproduktiwiteit kan markaandeel aan mededingers verloor aangesien hulle dit moeilik vind om teen mededingende pryse te verkoop. ✓✓
- Besighede kan minder mededingend raak, wat negatiewe sentiment onder beleggers kan skep.✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.3.5 **Waarom vereis internasionale organisasies soos die Wêreldbank standaardisering van ekonomiese aanwysers?**

- Standaardisering van aanwysers oor verskeie lande stel betekenisvolle vergelykings tussen ekonomieë in staat ✓✓
- Standaardisering van aanwysers help om kwaliteitstandaarde vir gegewens opnames en rapportering regoor die wêreld vas te stel. ✓✓
- Lande is in staat om vordering oor tyd te monitor aangaande sleutel ontwikkelingsdoelwitte soos armoedevermindering.✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

3.4 **Bespreek kortliks *behuising* en *verstedeliking* as sosiale aanwysers.**

Behuising

- 'n Beduidende persentasie (meer as 84%) van Suid-Afrikaners woon in formele wonings. ✓✓
- Ongeveer 12% van die bevolking woon in informele huise, wat meestal plakkersnedersettings aan die rand van stede en dorpe is. ✓✓
- 'n Kleiner persentasie (ongeveer 4%) van Suid-Afrikaners woon in tradisionele huise in landelike dorpe. ✓✓
- Baie Suid-Afrikaanse burgers is arm en kan nie eiendom bekostig nie. ✓✓
- Die owerheid voorsien behuisingsubsidies en die privaatsektor verskaf behuisingslenings. ✓✓
- Die regering het oor die afgelope jare 'n beduidende aantal (ongeveer 2,7 miljoen) laekostehuise gebou, maar daar is steeds 'n agterstand (meer as 2 miljoen huise). ✓✓
- Voldoende behuising kan arbeidsmobiliteit in die ekonomie fasiliteer en die ekonomie help om by ongunstige skokke aan te pas.✓✓ (2 x 2)

Verstedeliking

- Verstedeliking vind plaas omdat mense van landelike gebiede (platteland) na stedelike gebiede trek, wat die persentasie mense wat in dorpe en stede woon, verhoog.✓✓
- Suid-Afrika verstedelik vinnig met 'n beduidende persentasie (ongeveer 67%) van huishoudings wat reeds in stedelike gebiede woon.✓✓
- Die persentasie huishoudings wat in stedelike gebiede woon, word verwag om te styg (tot meer as 70% teen 2030), wat die vraag na basiese infrastruktuurvereistes sal verhoog. ✓✓
- Verstedeliking word gemeet/veroorsaak deur natuurlike groei van die stedelike bevolking, landelike-stedelike migrasie en die stigting van nuwe dorpe. ✓✓ (2 x 2) (8)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
(Ken 'n maksimum van 4 punte vir blote lys van feite toe)

3.5 **Ontleed die belangrikheid van private-publieke-vennootskappe (PPV'e) om ruimtelike ontwikkelingsinisiatiewe in Suid-Afrika te implementeer.**

- PPV'e bring private investering en befondsing om openbare sektor begrotings te komplementeer, veral vir grootskaalse infrastruktuur.✓✓
- Die private sektor bied tegnologiese kennis, innoverende oplossings, en bevorderde tegnologieë wat die kwaliteit en doeltreffendheid van ruimtelike ontwikkeling bevorder. ✓✓
- PPV'e laat toe vir die deel van finansiële, tegniese en bedryfsrisiko tussen die openbare en private sektore, wat groot projekte meer uitvoerbaar en hanteerbaar maak. ✓✓
- Prestasie-gebaseerde kontrakte en private sektor bestuursvaardighede lei tot meer doeltreffende projek uitvoering en beter kostebestuur.✓✓
- PPV'e verseker dat private vennote aanspreeklik gehou word omdat spesifieke standaarde en maatstafkriteria nie bereik was nie.✓✓
- PPV projekte, soos grootskaalse infrastruktuur, spuit noemenswaardige hulpbronne in 'n streek en skep geleenthede vir plaaslike besighede.✓✓
- PPV'e kan gebruik word om volhoubare besigheidsmodelle te ontwikkel vir fondstoekenning, geïntegreerde tegnologie en verbeterde gegewens bestuur vir beter stedelike beplanning en beheer.✓✓
- PPV'e moedig werkskepping aan deur private investering te lok en entrepreneurskap te bevorder.✓✓
- PPV'e mag goeie staatsbeheer en aanspreeklikheid deur verdeelde verantwoordelikheid en prestasie gebaseerde ooreenkomste versterk.✓✓
- Ondersteun sosio-ekonomiese inklusiwiteit deur besighede in gemeenskapsondersteunende inisiatiewe te integreer.✓✓
- Stel vaardigheidsontwikkeling en oordra van kennis in staat vanaf private ondernemings na openbare entiteite en plaaslike arbeidsmag.✓✓
- Stimuleer buitelandse direkte investering deur 'n bevorderlike besigheidsomgewing ondersteun deur owerheidshulp te skep.✓✓
- Verhoog omgewingsvolhoubaarheid deur gesamentlike poginge in groen infrastruktuur, afvalbestuur en beskermingsprojekte.✓✓
- Versnel stedelike en landelike ontwikkeling deur maatskappy belange met nasionale en streekstrategieë in lyn te bring.✓✓
- Verbeter veerkrag teen ekonomiese en sosiale uitdagings deur die magsinvloed van beide sektore.✓✓
- Fasiliteer befondsing en verdeling van hulpbronne tussen die owerheid en privaat sektor, wat die finansiële laste op openbare instellings verminder.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
(Ken 'n maksimum van 2 punte vir blote lys van feite toe) (4 x 2) (8)
[40]

VRAAG 4: MAKROEKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES

40 PUNTE – 30 MINUTE

4.1 KORTVRAE

4.1.1 **Noem enige TWEE kategorieë van verbruiksgoedere**.

- Duursame✓
- Semi-duursame✓
- Nie-duursame✓
- Dienste✓ (2 x 1) (2)

4.1.2 **Hoe sal 'n progressiewe persoonlike-inkomstebelasting-stelsel inkomsteverdeling beïnvloed?**

Daar sal 'n verbetering in inkomsteverdeling wees soos meer belasting ingevorder word van hoër inkomsteverdieners wat gebruik kan word om maatskaplike ontwikkeling te finansier. / Progressiewe inkomstebelastingstelsel verminder die inkomstegaping tussen ryk en arm, aangesien hoër-inkomste verdieners hoër belastingkoerse betaal as laer inkomste verdieners. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

4.2 DATARESPONS

4.2.1 **Identifiseer 'n term wat verband hou met skenkings en donasies in die tabel hierbo.**

Lopende oordragte✓ (1)

4.2.2 **Noem die kommoditeit wat apart in die lopende rekening van Suid-Afrika aangeteken word.**

Goud✓ (1)

4.2.3 **Beskryf kortliks die term *Kapitaaloordragrekening*.**

'n Kapitaaloordragrekening is 'n netto bedrag wat alle finansiële eise en laste deur migrante, transaksies en toelae wat verband hou met die eienaarskap van vaste bates en skuldvergewing. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.2.4 **Verduidelik die impak van 'n verhoging in uitvoerpryse op Suid-Afrika se handelsbalans**.

- Uitvoerverdienste van totale uitvoere sal toeneem wat tot 'n verbetering in die handelsbalans teweeg sal bring. ✓✓
- Daar kan 'n afname in die vraag vir uitvoere wees as gevolg van hoër uitvoerpryse wat 'n negatiewe effek op die handelsbalans sal hê.✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.2.5 **Gebruik die inligting in die tabel hierbo om die waarde van die netto lenings aan of lenings van die res van die wêreld (A) te bereken. Toon ALLE berekeninge.**

Netto Lenings = Lopende rekeningbalans + Kapitaaloordrag-rekeningbalans

Handelsbalans (goedere)	103 385 ✓
Saldo op dienste, inkome en lopende oordragte	-215 490 ✓
Kapitaaloordragrekening	236 ✓
Netto lening aan of lening van die res van die wêreld (**A**)	**-111 869** ✓

(Ken slegs 2 punte/ regmerkies vir die blote optelling van al die syfers uit die tabel toe) (4)

4.3 **DATARESPONS**

4.3.1 **Identifiseer die groei en ontwikkelingsinisiatief wat tydelike werk vir ongeskoolde arbeid verskaf in die spotprent hierbo.**

UOWP✓ (1)

4.3.2 **Noem die owerheidsinisiatief wat beoog het om teen 2014 werkloosheid en armoede te halveer.**

Versnelde en Gedeelde Groei-inisiatief vir Suid-Afrika/AsgiSA✓ (1)

4.3.3 **Beskryf kortliks die term *ekonomiese ontwikkeling*.**

Die verbetering in die lewenstandaard vir 'n land se bevolking oor 'n tydperk / Ekonomiese ontwikkeling word gemeet in terme van toename in die reële BBP per capita. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.3.4 **Verduidelik 'n tekortkoming van die Nasionale Vaardigheidsontwikkelingstrategie op werkverskaffingsvlakke.**

- Vaardigheidsopleiding verseker nie altyd werksgeleenthede nie as gevolg van wanverhouding in vaardighede en arbeidsmark se aanvraag.✓✓
- Ten spyte van opleidingsinisiatiewe, sukkel baie bevoordeeldes om permanente werke te vind.✓✓
- Die Suid-Afrikaanse ekonomie groei nie vinnig genoeg om pas opgeleide werksoekers op te neem nie.✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.3.5 **Waarom is die Nasionale Ontwikkelingsplan belangrik om ekonomiese ontwikkeling in Suid-Afrika te bereik?**

- Die NOP beoog om 'n meer gelyke gemeenskap te skep deur op behuising, gesondheidsorg en sosiale sekuriteit te fokus ten einde armoede te verminder en historiese ongelykhede aan te spreek.✓✓
- Die NOP help om omvattende ekonomiese groei te bereik deur ekonomiese deelname van voorheen benadeelde groepe te verseker.✓✓
- Die NOP bevorder private investering wat help om die hoë vlakke van werkloosheid, veral tussen die jeug te verminder.✓✓
- Verbeter die gehalte van onderwys, opleiding en vaardigheidsontwikkeling om 'n produktiewe arbeidsmag te bou.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

4.4 **Bespreek die ongelyke lewensstandaarde tussen die lande in die Noorde (ontwikkelde) en dié in die Suide (ontwikkelende).**

- Lande in die Noorde, soos die Verenigde State, Duitsland en Japan, het aansienlike hoër per capita inkome, gevorderde tegnologie en stabiele finansiële stelsels.✓✓
- Lande in die Suide, soos Nigerië, Indië en Brasilië, staar dikwels laer per capita inkome in die gesig, grootliks as gevolg van ekonomiese onstabiliteit, afhanklikheid op primêre bedrywe en inkome ongelykhede.✓✓
- Lewensverwagtinge in Noordelike lande is veel hoër, oorskry dikwels 75 jaar, as gevolg van beter gesondheidsorg, voeding en lewensomstandighede.✓✓
- Baie lande in die Suide sukkel met korter lewensverwagting, dikwels laer as 65 jaar, as gevolg van armoede, onvoldoende gesondheidsorgstelsels, wanvoeding en hoër heersende siekte.✓✓
- Onderwysstelsels in die Noorde word goed gefinansier, wyd bekombaar en het hoë geletterdheidsvlakke, met baie mense wat sekondêre en tersiêre opleiding voltooi.✓✓
- In die Suide, onderwysgeleenthede is dikwels beperk, met hoër uitvalkoerse, onvoldoende infrastruktuur en laer geletterdheidsvlakke, veral in landelike gebiede.✓✓
- Ekonomiese beperkinge en politieke onstabiliteit verhinder verder toegang tot gehalte onderwys in baie ontwikkelende nasies.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (4 x 2) (8)
(Ken 'n maksimum van 4 punte vir blote lys van feite/ voorbeelde toe)

4.5 **Hoe kan die Suid-Afrikaanse owerheid die nasionale begroting gebruik om die sosio-ekonomiese regte van hulle burgers te bevorder?**

- Voorsiening van gesondheidsorgdienste vir almal, veral die armes en benadeeldes deur behandeling vir siektes, inentings, ens. in landelike en onderbediende gebiede te verskaf.✓✓
- Verskaffing van fondse aan skole, onderwysersalaris, leermateriaal en beurse om opvoedkundige ongelykheid te help verminder. ✓✓
- Belegging in vaardigheidsontwikkelingsprogramme om burgers toe te rus met die vaardighede wat benodig word vir indiensneming en ekonomiese deelname.✓✓
- Toename in maatskaplike welsynsprogramme, wat kindertoelaes, pensioene, ongeskiktheidstoelaes en werkloosheidsvoordele insluit.✓✓
- Befondsing van bekostigbare behuisingsprojekte en sodoende die behuisingsagterstand aan te spreek en die lewensomstandighede van lae-inkomste en voorheenbenadeelde groepe te verbeter.✓✓
- Belegging in basiese dienste soos skoon water, sanitasie en elektrisiteit, om te verseker dat burgers toegang het tot basiese infrastruktuur wat hul reg op 'n veilige en gesonde omgewing ondersteun.✓✓
- Skep van werksgeleenthede en ekonomiese bemagtigingsprogramme om werkloosheid te verminder en ekonomiese deelname te verhoog.✓✓
- Ondersteuning van voedselsekerheidsprogramme, veral vir kwesbare bevolkings deur voedingsprogramme, voedselhulp en gemeenskapsgebaseerde inisiatiewe om te verseker dat mense, veral kinders, toegang tot voldoende en voedsame voedsel het.✓✓
- Ontwikkeling van basiese infrastruktuur soos paaie, elektrisiteit, watervoorsiening en sanitasie, veral in onderbediende en landelike gebiede. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (4 x 2) (8)
('n Maksimum van 2 punte kan toegeken word vir blote lys van feite) **[40]**

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- **Bespreek in detail die kenmerke onderliggend aan die vooruitskatting (voorspelling) van sakesiklus. (26 punte)**
- **Ontleed die maatreëls wat gebruik kan word om totale aanbod in die ekonomie te stimuleer. (10 punte)**

INLEIDING
'n Sakesiklus kan omskryf word as opeenvolgende periodes van inkrimping en uitbreiding van ekonomiese aktiwiteite / Vooruitskattings is om skattings oor veranderde omstandighede van toekomstige gebeurtenisse te maak wat betekenisvol die ekonomie mag beïnvloed.✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante inleiding) **(Maks 2)**

LIGGAAM: HOOFDEEL

LEIDENDE AANWYSERS✓
- Leidende aanwysers is aanwysers wat verander voordat die ekonomie verander✓✓
- Leidende aanwysers gee verbruikers, sakeleiers en beleidmakers 'n idee (vooruit waarskuwings) van waarheen die ekonomie neig.✓✓
- Leidende aanwysers piek voordat 'n sakesiklus 'n piek bereik het.✓✓
- Leidende aanwysers help ekonome om te voorspel wat die ekonomie in die toekoms sal wees.✓✓
- Wanneer leidende aanwysers styg, sal die vlak van ekonomiese aktiwiteite ook binne die volgende paar maande styg.✓✓
- Wanneer leidende aanwysers daal, beteken dit ook dat die vlak van ekonomiese aktiwiteite in die nabye toekoms sal daal ✓✓
- Die voorbeelde van leidende aanwyser sluit in die aantal residensiële planne wat goedgekeur is, aantal advertensies vir werksgeleenthede; aantal nuwe maatskappye geregistreer, ens.✓

SAMEVALLENDE AANWYSERS✓
- Samevallende aanwysers is aanwysers wat dieselfde tyd verander soos die ekonomie verander.✓✓
- Samevallende aanwysers dui die werklike toestand van die ekonomie aan.✓✓
- 'n Afdraai word deur 'n afname in samevallende aanwysers aangedui, terwyl 'n opswaai deur 'n toename aangedui word.✓✓
- Samevallende aanwysers bevestig die veranderinge voorgestel deur die leidende aanwysers.✓✓
- Die waarde van kleinhandelverkope sal 'n piek bereik en dan begin afneem terselfdertyd as die sakesiklus.✓✓
- Die voorbeelde van samevallende aanwysers is benutting van kapasiteit in vervaardiging, geregistreerde werkloosheid, reële BBP, ens.✓✓

SLOERENDE (NALOPENDE) AANWYSERS✓
- Sloerende aanwysers verander nadat die ekonomie alreeds verander het. ✓✓
- Sloerende aanwysers bereik die draaipunt nadat die sakesiklus alreeds gedraai het.✓✓
- Sloerende aanwysers dien om die gedrag van saamvallende aanwysers te bevestig.✓✓
- Die voorbeelde van sloerende aanwysers sluit in aantal kommersiële voertuie verkoop, reële investering in masjinerie, eenheidsarbeidskoste in vervaardiging, ens.✓

SAAMGESTELDE AANWYSERS✓
- Saamgestelde aanwysers vat 'n groep aanwysers van dieselfde soort in 'n enkele waarde saam. ✓✓
- Die enkele syfer vorm 'n norm vir 'n land se ekonomiese prestasie. ✓✓
- Saamgestelde aanwysers kan in enkele waardes van 'n leidende, saamvallende en sloerende aanwyser gekonsolideer word. ✓✓

AMPLITUDE✓
- 'n Amplitude is die verskil tussen die waarde van totale uitset tussen piek en trog, gemeet van die tendenslyn tot die piek en trog. ✓✓
- Amplitude reflekteer die intensiteit van die opswaai en afswaai in ekonomiese aktiwiteite.✓✓
- Die amplitude demonstreer twee dinge:
  - **Die sterkte van die onderliggende kragte** soos rentekoerse, uitvoere of verbruikersbesteding. ✓✓
  - 'n Groot amplitude gedurende die opswaai toon sterk onderliggende kragte. ✓✓
  - Die tydsduur van 'n siklus met 'n groter amplitude is gewoonlik langer as een met 'n kleiner amplitude. ✓✓
  - **Die omvang van verandering** soos 'n daling in werkloosheid van 50% of styging in inflasie van 100% gedurende die opswaai. ✓✓
  - Hoe groter die amplitude, hoe meer die omvang veranderinge wat mag voorkom.✓✓

TENDENSLYN✓
- Die tendenslyn toon die algemene rigting aan waarin die ekonomie beweeg. ✓✓
- Wanneer die ekonomie groei, is daar 'n opwaartse neiging, maar wanneer die ekonomie krimp, is daar 'n afwaartse neiging. ✓✓
- Die tendens sal verander wanneer die tydreeksdata hul gedragspatrone van die verlede verander. ✓✓
- Die tendenslyn het normaalweg 'n positiewe helling want die produksiekapasiteit van die ekonomie verhoog mettertyd. ✓✓

LENGTE/DUUR VAN DIE SIKLUS✓
- Lengte van 'n siklus word gemeet van piek tot piek of trog tot trog. ✓✓
- Langer siklusse toon sterkte en korter siklusse toon swakheid met betrekking tot ekonomiese aktiwiteite.✓✓
- Die inkrimping in die groei van produksie kan die vlak oorskry waar dit natuurlik moet stop. ✓✓

EKSTRAPOLASIE✓

- Ekstrapolasie verwys na die beraming van iets onbekends uit die feite wat bekend is. ✓✓
- Data van die verlede word gebruik wanneer voorspellings oor die toekoms gemaak word gebaseer op aannames wat met tendense verband hou. ✓✓
- Om 'n tendens na die toekoms uit te brei, kan inligting verskaf oor wat waarskynlik sal gebeur.✓✓
- Ekonome mag voorspel dat die ekonomie oor 'n paar maande wat kom, sal groei as 'n sakesiklus deur 'n trog en 'n opswaai gegaan het. ✓✓
- Ekstrapolasietegnieke word soms gebruik om toekomstige aandeelpryse te voorspel.✓✓

BEWEGENDE GEMIDDELDE ✓

- Hulle word langs die tydreeksdata bereken sodat 'n gladder sakesiklus gevestig kan word. ✓✓
- Bewegende gemiddeldes word gebruik om die veranderinge in 'n reeks data oor 'n sekere tydperk te ontleed.✓✓
- Ekonome gebruik bewegende gemiddeldes om die effek van skerp skommelinge in die sakesiklus uit te skakel. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks 26)
('n Maksimum van 8 punte kan toegeken word vir die blote lys van opskrifte/ voorbeelde)

ADDISIONELE DEEL

Ontleed die maatreëls wat gebruik kan word om totale aanbod in die ekonomie te stimuleer.

- Laer maatskappybelasting om winste te laat styg sal investering aanmoedig en besighede uitbrei.✓✓
- Verminderde produksiekoste sal die totale aanbod van goedere en dienste laat toeneem om hulle teen alle prysvlakke beskikbaar te stel.✓✓
- Verskaf aansporings in die vorm van kontanttoelaes en subsidies om uitvoerbevordering te verhoog en desentralisasie van besighede om totale koste te verminder.✓✓
- Investering in infrastruktuur soos vervoer, kommunikasie en energie sal doeltreffendheid verbeter en produksiekoste verminder.✓✓
- Verlaging van tariewe en invoerregte sal die koste van ingevoerde roumateriaal en kapitaalgoedere verminder.✓✓
- Verlaging in belasting sal werkers motiveer om meer te produseer, wat tot 'n hoër produksie-uitset en totale aanbod lei.✓✓
- Deregulering en eenvoudige belastingregulasies kan administratiewe koste vir besighede laat afneem en hulle aanmoedig om meer uitsette te produseer.✓✓
- Arbeidsproduktiwiteit kan verhoog word deur beter onderwys, opleiding en gesondheidsdienste wat na meer goedere en dienste wat geproduseer word, kan lei.✓✓
- Bevorder infrastruktuurontwikkeling (bv. vervoer, energie) om tyd en hulpbron vermorsing te verminder.✓✓
- Verhoog arbeidsmark buigsaamheid deur loonwette te hervorm en versperringe aangaande aanstellings te verminder.✓✓
- Sterk finansiële markte om toegang tot krediet vir besighede te verbeter om hul bedrywighede uit te brei.✓✓
- Moedig navorsing en ontwikkeling aan om innovasie en tegnologie te verhoog wat tot 'n toename in hoeveelheid en beter gehalte produkte aanleiding gee.✓✓
- Verlaag rentekoerse om die leningskoste te verlaag, wat besighede sal aanmoedig om te belê en produksie uit te brei. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) **(Maks 10)**
(Ken 'n maksimum van 2 punte vir blote lys van feite toe)

SLOT

Die land kan in staat gestel word om toepaslike beleide voor te berei om verskillende veranderinge in die ekonomie aandag te gee wat die aanwysers en kenmerke weerspieël / Beleidsmakers sal aandagtig al hierdie aanwysers moet dophou want eksterne faktore is baie betekenisvol vir Suid-Afrikaanse sakesiklusse.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante hoë orde slot) **(Maks 2)** **[40]**

VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES 40 PUNTE – 40 MINUTE

- **Bespreek in detail uitvoerbevordering as Suid-Afrika se internasionale handelsbeleid. (26 punte)**
- **Evalueer die impak van 'n toename in invoertariewe op die Suid-Afrikaanse ekonomie. (10 punte)**

INLEIDING
Uitvoerbevordering behels die voorsiening van aansporings om plaaslike besighede aan te moedig om goedere vir uitvoere te produseer/Wanneer die owerheid aansporings betaal om produksie van goedere en dienste wat uitgevoer kan word aan te moedig ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante inleiding) (Maks. 2)

LIGGAAM: HOOFDEEL

Metodes van uitvoerbevordering

(a) **Uitvoeraansporings** ✓
- Die doel van uitvoeraansporings is om uitvoere aan te moedig deur finansiële ondersteuning aan uitvoermaatskappye te verskaf✓✓
- Finansiële ondersteuning aan uitvoerbesighede stel hulle in staat om doeltreffend op internasionale markte mee te ding sodat hulle groter volumes kan uitvoer✓✓
- Die owerheid mag inligting oor uitvoermarkte verskaf, navorsing oor nuwe markte, konsessies op vervoerkoste, uitvoerkrediet, ens. aanbied om uitvoere te stimuleer✓✓

(b) **Uitvoersubsidies** ✓

Direkte subsidies✓
- Direkte subsidies lei tot staatsuitgawes omdat dit regstreekse finansiële ondersteuning aan binnelandse uitvoerders bied ✓✓
- Direkte subsidies is kontantbetalings soos kontanttoelae vir uitvoeruitstallings en marknavorsing en subsidies vir opleiding en indiensneming van personeel ✓✓
- Die doel van direkte subsidies is om die koste van produksie te verminder en mededingendheid in die uitvoermarkte te verhoog✓✓

Indirekte subsidies✓
- Indirekte subsidies vind plaas wanneer die owerheid nie sekere soorte van inkomste verdien nie ✓✓ bv. belastinginkome.✓
- Die owerheid vergoed maatskappye dikwels sekere belasting om uitvoere te bevorder.✓✓
- Indirekte subsidies kan terugbetalings op invoertariewe en algemene belastingkorting op winste verdien uit uitvoere of op kapitaal belê om uitvoergoedere te produseer insluit.✓✓

(c) **Handelsneutraliteit**✓
- Die owerheid kan subsidies verskaf wat gelykstaande is aan invoertariewe deur uitvoerders betaal wanneer produksie-insette ingevoer word.✓✓
- Handelsneutraliteit kan bereik word deur handelsliberalisering. ✓✓

(d) **Uitvoerverwerkingsones (UVS'e)** ✓

- 'n Uitvoerverwerkingsone (UVS) is 'n vryhandelenklawe binne 'n beskermende ekonomie en is gewoonlik naby 'n hawe of lughawe geleë. ✓✓
- Vervaardigers is in 'n UVS geleë om vir uitvoerdoeleindes te produseer, deur van invoergevoerde insette gebruik te maak wat gratis van alle doeaneregte verkry word.✓✓
- Ontwikkelende lande bied aantreklike aansporings om buitelandse beleggers na hul UVS'e te lok.✓✓

Redes/Voordele van uitvoerbevordering:

- Daar is geen beperkings op die grootte en skaal nie aangesien die wêreldmark baie groter as die binnelandse mark is .✓✓
- Produksie is gebaseer op koste- en doeltreffendheidsoorwegings en word op grond van vergelykende voordele georganiseer.✓✓
- Daar is verhoogde binnelandse produksie deur die uitbreiding van uitvoerproduksie wat tot laer binnelandse pryse sal lei.✓✓
- Wisselkoerse sal realisties wees en daar is geen behoefte aan valutabeheer en kwantitatiewe beperking nie.✓✓
- Waarde kan tot die natuurlike hulpbronne van die land toegevoeg word deur dit te verwerk tot klaarprodukte met hoër waarde.✓✓
- Uitvoerbevordering skep meer werksgeleenthede vir die Suid-Afrikaanse arbeidsmag.✓✓
- Toename in uitvoere kan help om die betalingsbalanstekorte te verminder.✓✓
- Uitvoerbevordering vergroot die produksievermoë van die land en bevorder nywerheidsontwikkeling ✓✓
- Prestasie van vervaardigings- en diensbedrywe en internasionale mededingendheid van Suid-Afrikaanse produsente sal verbeter.✓✓
- Uitvoerbevordering verseker doeltreffende gebruik van hulpbronne deur verbeterde innovasie en mededinging.✓✓

Nadele van uitvoerbevordering

- Die werklike koste van produksie mag nie in die pryse van die produkte weerspieël word nie aangesien subsidies en aansporings die totale koste van produksie kan verlaag.✓✓
- Daar kan 'n gebrek aan mededinging wees as gevolg van aansporings en subsidies wat uitvoerbesighede toelaat om baie lae pryse te vra, wat mededingers wat volhoubare besighede kan skep uit die mark dwing.✓✓
- Ontwikkelde lande handhaaf dikwels hoë vlakke van doeltreffende beskerming vir hul arbeidsintensiewe bedrywe waarin ontwikkelende lande reeds vergelykende voordeel het.✓✓
- Onttrekking van aansporings deur die owerheid kan lei tot die sluiting van geaffekteerde maatskappye.✓✓
- Uitvoerbevordering kan deur ander lande as storting beskou word en hulle kan vergeld met verhoogde tariewe en kwotas. ✓✓
- Uitvoerbevordering kan ook teen die bepalings van die Wêreldhandelsorganisasie wees, wanneer goedere uitgevoer word teen pryse laer as die werklike koste van produksie as gevolg van subsidies.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks. 26)
(Ken 'n maksimum van 8 punte toe vir opskrifte/subopskrifte/voorbeelde)

ADDISIONELE DEEL

Evalueer die impak van 'n toename in invoertariewe op die Suid-Afrikaanse ekonomie.

POSITIEWE

- Tariefverhogings sal addisionele staatsinkomste genereer, wat in infrastruktuur en onderwys belê kan word, en die vestiging van klein- en mediumgrootte ondernemings kan ondersteun.✓✓
- 'n Afname in invoere as gevolg van 'n toename in invoertariewe kan tot 'n vermindering in betalingsbalanstekorte lei.✓✓
- Tariefverhogings sal plaaslike bedrywe beskerm deur ingevoerde goedere duurder te maak en wat plaaslike produsente toelaat om meer goedere en dienste te produseer.✓✓
- Verhoogde tariewe sal die groei van plaaslike besighede ondersteun, veral in vervaardiging en landbou, wat tot werkskepping en nywerheidsontwikkeling lei.✓✓
- Moedig plaaslike innovasie en selfvoldoening aan deur besighede te motiveer om plaaslike alternatiewe te ontwikkel en in navorsing en ontwikkeling te investeer.✓✓
- Help om binnelandse aanbodkettings te bou, wat afhanklikheid van internasionale markte vir goedere en dienste verminder.✓✓

NEGATIEWE

- Tariefverhogings sal die pryse van ingevoerde goedere laat styg, wat noodsaaklike roumateriale en verbruiksgoedere duurder maak.✓✓
- Produksiekoste vir bedrywe wat grootliks op invoere staatmaak, soos vervaardiging en outomobiel sal toeneem.✓✓
- As ander lande vergeldingstariewe op Suid-Afrikaanse uitvoere hef, kan plaaslike besighede sukkel om op internasionale markte mee te ding, byvoorbeeld die landbou en mynbou wat as vernaamste bydraers tot Suid-Afrikaanse ekonomie is.✓✓
- Hoër invoerkoste kan tot verhoogde verbruikerspryse lei, wat tot inflasie en lae verbruikersbesteding bydra.✓✓
- Tarief veranderinge veroorsaak onsekerheid vir besighede, wat dit moeiliker vir maatskappye maak om vir investering en uitbreiding te beplan weens laer beleggersvertroue en verminderde buitelandse direkte investering.✓✓
- Ekonomiese onstabiliteit veroorsaak deur tariewe kan die Suid-Afrikaanse rand verswak, wat invoere selfs duurder maak en inflasie verhoog.✓✓
- Bedrywe wat deur hoër koste en verlaagde mededingendheid beïnvloed word kan werksgeleenthede verminder wat die werkloosheidkoers kan verhoog wat alreeds 'n bekommernis in Suid-Afrika is.✓✓
- Verhoogde tariewe kan ook handelsverhoudinge ontwrig en algehele handelsvolumes verminder, wat op langtermyn ekonomiese stabiliteit beïnvloed.✓✓

  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks 10)
  (Ken 'n maksimum van 2 punte vir blote lys van feite toe)

SLOT

Uitvoerbevordering kan die ekonomie help om 'n aansienlike uitvoergeleide ekonomiese groei deur massaproduksie te bereik.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante hoë orde slot) (Maks 2) [40]

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou